

16 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 2:25-40
Fokusgedeelte: Lukas 2:34

God se missie: Christus tot 'n opstanding vir baie

Op die oog af wil dit lyk of hier in Lukas 2:25-40 maar net sprake is van twee “ou mense” wat in ekstase is oor 'n babatjie. Op sigself sekerlik nie iets buitengewoon nie. Tog is hier 'n belangrike ondertoon wat nie gemis moet word nie – hierdie babatjie was geen gewone babatjie nie, maar wel die Beloofde Een.

Die Beloofde Een? Die Beloofde Een van Genesis 3:15 wat sou kom om die slang se kop te vermorsel en so die mens vanuit sy verlore staat van sonde te red. Die werklikheid is dat die ganse mensdom met die ongehoorsaamheid van Adam en Eva in die paradys in sonde gedompel is, wat sou beteken dat sonder 'n genadige ingrype van God, die ganse mensdom tot die ewige dood verdoem sou wees.

Maar God het ingegryp deur sy belofte van redding reeds in die paradys te gee, 'n belofte waarvan die vervulling verwag en voor gebid is deur hulle wat deel was van die Godsvolk. Simeon en Anna was deel van hierdie volk wat naartstigelik op die koms van die Beloofde Een gewag het. Hulle sien hoe God se verlossingsplan 'n werklikheid word in die geboorte van die Beloofde Een.

Nou sien hulle egter nie net die vervulling van God se belofte nie, maar Simeon verklaar ook die betekenis van die vervulling van hierdie belofte: Hierdie Beloofde Een (vs 36) is “bestem tot 'n opstanding vir baie”. Die woord “opstanding” hier het die betekenis van “om lewendig te word uit die dood”. Dit is die volle betekenis van God se belofte – Hy sal die Een gee wat die mens, ons, weer lewendig sal maak uit die ewige sondedood. Weet, Christus is ook vir jou tot 'n opstanding – deur sy kruisdood het Hy jou lewendig gemaak uit jou sondedood!

Sing: Psalm 105:5 (1936)

Ds. HJP de Beer (Magol)